



CHRISTIAN LITERATURE FUND PUBLISHERS
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS UITGEWERS

CLF se “Een miljoen Bybels aan een miljoen kinders”-projek



’n Paar jaar gelede het CLF en ’n paar vennote die pragtige storieboekbybel, “God se Kinders” van emeritus aartsbiskop Desmond Tutu, in verskeie tale gepubliseer. Vandaar het CLF se droom ontstaan om een miljoen Bybels aan een miljoen kinders te versprei.

Die kern van die Een miljoen Bybels-projek is om ’n kind te leer oor die liefde van Jesus deur hul eie storieboekbybel in hul eie taal te kan gee. By CLF glo ons dit is belangrik om nie net kinders die inhoud van die Bybel te leer nie, maar hulle te help om dit in hul lewe en hul interaksies met ander kinders toe te pas. Ons visie is kinders wat sal weet hoe om hul geloof prakties uit te leef, in wie se lewe bybelse waardes gevestig sal word en wat moreel toegerus sal wees as die leiers van môre. Daarbenewens word kinders aangemoedig om in hul eie taal te lees met

die daarstelling van 'n leeskuil vanaf ’n jong ouderdom.

Sedert Augustus 2010 is daar reeds meer as 87 885 Bybels in sewe verskillende tale versprei. Die Een miljoen Bybel-projek bestaan uit ’n reeks van drie verskillende storieboekbybels. Elkeen van die boeke is vir ’n spesifieke ouderdomsgroep ontwikkel.

Die eerste reeks boeke, genaamd “Ja! Kleuter”, is geskik vir kinders tussen die ouderdom van 3-6 jaar, ideaal vir vroeëkind ontwikkeling! Hierdie kleurvolle geïllustreerde Bybelverhale leer holistiese lewensvaardighede en waardes, asook basiese opvoedkundige vaardighede soos syfer- en leesvaardighede. Elke verhaal word vergesel deur 'n gebed om kinders te help om met God te praat; 'n saamsinglied en 'n Christelike waarde wat die verhaal versterk. Ja! Kleuter Bybelstories is beskikbaar in Afrikaans, Engels, Sotho, Xhosa en Zoeloe.

Die **tweede boek wat deel vorm van die projek is die Desmond Tutu storieboekbybel “God se Kinders”** en is geskik vir ouderdomme 4 -10 jaar. Aartsbiskop Desmond Tutu vertel in hierdie Kinderbybel meer as vyftig van sy mees geliefde Bybelverhale in sy tipiese geselstrant. Hy laat die lig val op die universele en multikulturele boodskap dat God wil hê alle mense moet mekaar liefhê en met vrede en vergifnis in hulle harte saamleef. Van die voorste kunstenaars is van oor die hele wêreld bymekaargebring om die teks te illustreer. Hulle is gevra om die kenmerkende styl en rykdom van hulle kulture uit te beeld sodat hierdie Kinderbybel die eerste sal wees wat werklik wêreldwyd aanklank vind. Elke storie wys hoe God deur die geskiedenis aan die werk is en sluit af met ’n kort gebed wat kinders help om die boodskap op hulle eie lewe toe te pas.

Die **laaste boek wat deel uitmaak van die projek is “Vertel my meer”** en is geskik vir 8 - 12 jarige kinders. Die “Vertel my meer” Bybel vertel 50 van die Bybel se gunsteling stories op 'n verbeeldingryke manier. Elke storie is pragtig geïllustreer. Elke storie sluit af met 'n “Vertel my meer-afdeling”, wat ywerige jong lesers lei in die dieper betekenis van die Bybel se boodskap en hulle help om die Bybel in vandag se lewe toe te pas. Die stories stimuleer hul verbeelding, verbreed hul kennis en pas die boodskap aan vir die lewe van die kind.

Dit is ideaal vir selflees, maar ook vir lees by die huis, in die klaskamer, of selfs by die gemeente se jeugbediening. Beskikbaar in Afrikaans, Engels, Sotho, Xhosa en Zoeloe.

As 'n nie-winsgewende organisasie kan ons nie net die Bybels uitdeel nie, maar probeer ons gemeenskappe en maatskappye motiveer om die kinders in hul eie omgewing, of wat deel uitmaak van 'n gemeenskapsprojek, te seën met 'n eie Bybel in hulle eie taal, dmv donasies of aankope. Hierdie is ook 'n wonderlike projek om as gemeente, vrouegroep, besigheid of jeuggroep aan te neem om vir die kinders in hul eie area elk met 'n Bybel in sy/haar taal te seën.

Enige kombinasie van twee storieboekbybels kan teen slegs R145 by CLF gekoop word. Stuur 'n e-pos aan order@clf.co.za, of kontak CLF by 021 873 6964.